

Terugblik

Ouma de Beer 102 jaar



**HEILBRON HERALD, VRYDAG 10 AUGUSTUS 2012
DIT SNEEU!**

Koue weerstoestande het die afgelope week in Heilbron en omliggende gebiede geheers. Dinsdagnag (vroeg Woensdagoggend) is die koudste temperatuur vir die week aangeteken toe die kwik tot -12 grade Celsius gedaal het. Die koue toestand het gevolg nadat die dorp vir die hele dag lank onder 'n wit sneeukombers toegegooi was. In verskeie ander dele van die Vrystaat het sneeuneerslae ook voorgekom. Moet egter nog nie die wolsokkies, warm komberse en watersakke ver bêre nie, want alhoewel dit bedags effens warmer gaan wees, gaan temperature saans tot onder vriespunt daal. Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het gewaarsku dat Heilbronnens die komende naweek liefies nie tot laat buite moet wees nie. Om toestande te vererger, word matige winde ook vir die naweek voorspel. Hierdie winde kan aanleiding tot weghol veldbrande gee en boere word aangeraai om hul brandbestrydingstoerusting op 'n gereedheidsbasis te hou.



Die oudste inwoner van Huis Bron van Heil, Ouma de Beer, het op 31 Desember 2018, 102 jaar oud geword. Inwoners van Huis Bron-van-Heil het saam met haar die spesiale mylpaal met lekker koek en tee gevier. Op die foto vl: Piet du Plooy, Ria Snyman, Suster Piek en Ouma de Beer.

Kersfees by Huis Bron-van-Heil

Fees tyd is sinoniem met mooi getooides winkels, vrolike musiek, kersbome wat swaar dra aan al die flikkerende liggies, vrolike kersvaders en 'n gevoel van samehorigheid.

Hoe dan anders? "It's the most wonderful time of the year!"

Huis-Bron-van-Heil is ook die afgelope feesseisoen verfraai toe vyf plaaslike "elfies" kragte saam met die ouetehuis se personeel gespan het.

Anet Malherbe, Nonna en Mienke Roos en Annari en Elzeri Combrink het onder andere gehelp om vlaggies in die gange, kransies in die eetsaal se vensters en kersvaders met takbokkies op die tafels te sit. Elke inwoner se kamer deur is ook met 'n kransie versier.

"Dit was 'n lekker projek om aan te pak," het die vyf helpers gesê. Hulle het alles self uit materiaal, hout, dennebolle en papier gemaak. "Maar die lekkerste lekker was om 'Kersfees' in die inwoners se oë te sien wanneer hul na ons harde werk gestaar het," het hul afgesluit.

Die inwoners, personeel, familie en vriende van Huis-Bron-van-Heil het hul opregte dank uitgespreek aan almal wat die afgelope Kerstyd bygedrae het om van dié seisoen 'n ware Christusfees te maak.



Miss Jingle Season 2018



• René Fourie

Leandri Fourie, 'n graad agt leerling van Hoërskool Heilbron, het aan ses Nasionale Skoonheidskompetisies deelgeneem wat einde Desember 2018 gesluit het. Leandri word aangewys as tweede prinses "Miss Jingle Season 2018" - kategorie algeheel, ouderdom 13-15, van DM Pageant Productions. Sy kry 'n kroon met 'n "sash". Sy wen die afdelings: "Best Hair, Best Smile, Best dressed, Best Pose, Best Eyes, hier voor kry sy sertifikate. Sy kry ook 'n kroon met 'n "sash" as ambassadeur vir Huis Kairos, vir haar liefdadigheid verrig.

Leandri word ook aangewys as tweede prinses by Miss Feed a Child, algehele afdeling (11-13 jaar), hier kry sy ook 'n kroon met 'n "sash". Uitslae van die ander kompetisies word nog afgewag.